# Yskoud in die Kalahari

**As jy jou boslorrie voorberei om op afgeleë plekke te gaan ry, is 'n vrieskas een van die duurste en belangrikste stukke toerusting wat jy gaan koop. Piet van Heerde het gaan kyk na die verskille tussen die gewildste modelle.**


Daar is 'n paar redes hoekom ons so verknog is aan ons 4x4-vrieskaste. Ons het eenvoudig nie soveel tyd soos die oumense nie.

Ons kan nie as ons honger word 'n dag lank met 'n Mauser agter 'n rooibokkie aanstap nie. Ons kan ook nie mielies maal en pap maak, biltong en droëwors hang en beskuit bak in 'n mierhoopoond nie. Dit vat te lank.

Ons is ook vreeslik vol fiemies. Ons wil goeie goeters eet – prima steaks, tjops en wors, en kraakvars groente en slaai.

En as ons deesdae langs die Oranjerivier stilhou en dis 45°C buite, wil ons nie 'n koelerige bier drink wat 'n rukkie in die kabbelende water laat lê is nie; nee, daai yskoue Tafel Lager moet jou tong brand.

Hiervoor het jy behoorlike verkoeling nodig.



**Mooi beplan.** Leer jou hele gesin sommer van vroeg af al om nie vir elke gril die vrieskas oop te pluk nie. Hoe minder jy dit oopmaak, hoe beter werk dit.

## Watter soort vrieskas moet ek koop?

As jy in Afrika bly en ekspedisies onderneem, maak dit nie eintlik meer sin om na enige ander soort vrieskas te kyk as 'n kompressorvrieskas nie.

Hulle is betroubaar en kan baie lae vriestemperature handhaaf in vrek warm Afrika-somers (-10°C in 'n buitetemperatuur van 40°C). Hulle hoef nie heeltemal waterpas te staan om te werk nie en met 'n goeie sonpaneel- en dubbelbatterystelsel kan jy jou vrieskassie min of meer permanent laat aanhou loop, behalwe as drie maande se deurdringende reën jou tref.

Die enigste nadeel is dat dit 'n bietjie duur is. Daar is egter nie 'n tekort aan gehalte in die mark nie – daar is genoeg robuuste produkte wat jare hou en goeie naverkoopdiens het.

Jy kry ook 'n ander soort vrieskas – die sogenaamde absorpsie-yskas wat jy al jare lank in karavane kry. Dis wel goedkoper en werk met elektrisiteit (12V en 220V) sowel as butaangas, maar die proses van koudmaak (hitte word in koue omgesit deur middel van 'n gas) werk nie lekker as die yskas nie presies waterpas staan nie.

Hy's dus goed as jy twee weke gaan kamp, maar nie so lekker as jy elke dag in 'n rivierloop in die Kaokoland afry nie.

Boonop is hierdie vrieskaste nie so doeltreffend as die buitetemperatuur bo 40°C loop daar anderkant Keetmanshoop nie. Jy gaan sukkel om die tjoppies gevries te hou.

Die derde soort mobiele verkoeling wat 'n mens kry – 'n termo-elektriese koelboks – is eintlik maar net om jou Cokes koud te hou vir die braai voor die Bulls-*game* buite Loftus. 'n Pak ys in 'n goed geïsoleerde koelboks werk amper beter.

## Hoe groot is groot genoeg?

Voor jy die grootste en duurste National Luna koop, moet jy jouself vra waarvoor jy koop.

**Naweek-kryger:** Is jy 'n ou wat langnaweke in kampeerplekke gaan uitspan met 220V-kragpunte? Jy't niks meer as 'n 40 liter-yskassie nodig nie. Hierdie vrieskassies is gewoonlik 'n bietjie swaarder op krag en nie so uitstekend geïsoleer nie, maar jy kan verseker wees dat hy sy temperatuur sal hou – solank daar krag is.

**Veelsydige mannetjie.** As jy twee en 'n half kjênners op die dubbelkajuit se agtersitplek het, elke jaar twee en 'n half weke Botswana, Namibië of Mosambiek toe wil gaan, en tussenin twee en 'n half naweke elke kwartaal in boskampe in die Magalies- of Sederberg deurbring, het jy waarskynlik iets tussen 50 en 60 liter nodig wat goed geïsoleer is en dus min krag gebruik.

**Wêreldreisiger.** Bitter min mense het werklik 'n 80 liter-vrieskas nodig. Jy hoef immers nie die hele Checkers en Solly Kramers oor die Limpopo saam te piekel nie. As jy egter moet kosmaak vir 'n hele groep en daar is nie tyd om plaaslike produkte te gaan soek nie, kan jy 'n 80 liter-vrieskas oorweeg. Maak net seker jy vries alles al by die huis en dis goed geïsoleer.

## Só werk *WegRy* se toets

Ja, ons weet, die enigste ware toets vir 'n vrieskas is om dit vir drie maande hard te laat werk agter in die bakkie in Angola.

Maar dis onmoontlik vir ons om só 'n vergelykende toets te doen. Daarom het ons die vrieskaste in 'n laboratorium getoets. Ons het vier aspekte getoets:

- die spoed waarteen 'n vrieskas koud word;
- die hoeveelheid krag wat dit gevat het om koud te word;
- die hoeveelheid krag wat die vrieskas gebruik het om die temperatuur te handhaaf;
- en die spoed waarteen dit weer warm word nadat ons dit afgeskakel het, wat natuurlik die doeltreffendheid van die isolasie toets.

Ons het 'n onafhanklike metroloog, Good Hope Metrology (✆ 021 939 6009) gebruik. Hy kyk na meters, stel dit in en kalibreer dit.

Die vrieskaste is almal in 32 °C vir 12 uur laat oop staan. Toe is almal aan 12,6 V-krag gekoppel (ons het net yskaste getoets wat met 12 V-kompressors werk) en op 0 °C gestel en toegemaak met 'n datamasjientjie binne-in wat al die inligting opgeteken het.

### Hoe het ons die vrieskaste gekies?

Ons het probeer om 'n vrieskas van tussen 50 en 60 liter by elke vervaardiger te kry, omdat hierdie grootte deur die meeste van ons lesers gebruik word.


Party vervaardigers het egter daarop aangedring dat ons hulle 40 liter-yskas toets, omdat dit glo die beste verkoper is.

Die keuse van vrieskaste was dus tot 'n mate arbitrêr, maar ons reken ons het gewildste vrieskaste deur die meul gesit. >




**Van meet af aan.** As jy 'n laaistelsel het en elke sentimeter in jou laairuim tel, meet mooi voor jy 'n vrieskas koop. Dis bonkig maar gaan jou lewe vergemaklik.

### Afkoeltyd tot 0 °C




### Opwarmingstyd ná krag af




ARB | Engel | Indel B | National Luna | Waeco | Camp Master | Snomaster

| | Afkoeltyd: 32 °C na 0 °C | Gemiddelde kragverbruik in afkoeltyd | Gemiddelde kragverbruik om temperatuur stabiel te hou | Opwarmingstyd: 0 °C na 20 °C |
|---|---|---|---|---|
| **ARB (47 liter)** | 9 uur 35 minute | 6,2 ampère | 182 mA*-210 mA | 13 uur 30 minute |
| **Engel (40 liter)** | 6 uur 45 minute | 3,2 ampère | 100 mA-168 mA | 16 uur 45 minute |
| **Indel B TB55** | 6 uur 45 minute | 5,8 ampère | 300 mA-410 mA | 16 uur 30 minute |
| **National Luna Weekender 52** | 7 uur 15 minute | 6,1 ampère | 210 mA-228 mA | 10 uur 45 minute |
| **Waeco Coolfreeze CF50** | 4 uur 30 minute | 6,3 ampère | 185 mA-233 mA | 11 uur 30 minute |
| **Camp Master 60 liter** | 6 uur 30 minute | 6,12 ampère | 129 mA-179 mA | 16 uur |
| **Snomaster BD/C-40R** | 4 uur 25 minute | 5,95 ampère | 82 mA-110 mA | 13 uur 15 minute |

*mA = milli-ampère



ARB 47 LITER-VRIESKAS

## Ou naam, nuwe kalant

Teenoor National Luna en Engel is die Australiese maatskappy ARB se vrieskaste nuwerig in die mark. Min mense stry oor ARB se ander produkte se gehalte, en hierdie spesifieke model is deur die Australiese tydskrif *4WD Action* in 'n uitvoerige toets aangewys as sy beste 4x4-vrieskassie.

### Spesifikasies

**Materiaal:** Die romp is van sinkstaal en die deksel van plastiek, stewig genoeg vir 'n man om op te sit.
**Gewig:** 22,5 kg
**Kompressor:** Danfoss
**Batterybeskerming?** Ja, verstelbare stelling
**Afmetings:** 508 mm (h) x 380 mm (b) x 705 mm (d)
**Waarborg?** Ja, drie jaar

### Goeie eienskappe

- Dit het 'n binneliggie
- Die nuttige dreineringsproppie onderin maak skoonmaak maklik
- Maklik verwyderbare deksel vir toegang van alle kante
- Robuuste en maklik hanteerbare sluitmeganisme
- Slim ontwerpte en aanpasbare mandjiestelsel
- Maklike en duidelik sigbare digitale metertjies voorop

**Ander modelle:** ARB maak ook 35 liter-, 60 liter- en 78 liter-modelle.

**Prys:** R7 895
**Kontak:** 4x4 Megaworld ✆021 511 3311 (Wes-Kaap) en ✆011 454 2874 (Gauteng); www.4x4megaworld.co.za

***WegRy* sê: Iemand wat die 4x4-lewenswyse ken, het hierdie ARB-vrieskassie ontwerp, want die dreineringsproppie, die liggie, die deksel wat kan afhaal en die handvatsels is baie sinvol uitgedink.**

**Die ARB vaar nie te waffers wat sy afkoeltydperk en isolasie betref nie (hy word relatief vinnig weer warm), maar as hy eers koud is, is sy kragverbruik baie redelik.**

**Die prys is 'n bietjie styf, maar jy kan nie fout maak met ARB se gehalte en duursaamheid nie.**




ENGEL 40 LITER-VRIESKAS

## Taai ou jakkals

Engel is 'n Japannese produk (wat grootliks in Australië bemark word) wat al 'n 50 jaar lange pad ry saam met die 4x4-gemeenskap.

Wat die Engel-vrieskassies anders maak as alle ander vrieskaste op die mark, is die sogenaamde Sawafuji-swaaimotorkompressor (*swing motor*) in plaas van die meer bekende Danfoss-kompressor.

Engel reken die Sawafuji is beter omdat dit net een bewegende deel het, en omdat dit minder krag trek om aan die gang te skop.

### Spesifikasies

**Materiaal:** Staalromp en -deksel met vaste staalhandvatsels
**Gewig:** 24 kg
**Kompressor:** Sawafuji-swaaimotorkompressor
**Batterybeskerming?** Nee
**Afmetings:** 508 mm (h) x 364 mm (b) x 648 mm (d)
**Waarborg?** Ja, drie jaar

### Goeie eienskappe

- Dit het 'n LED-liggie binne-in
- Sy baie robuuste wande en bougehalte
- Die langlewe-binnebattery is gekoppel aan 'n toestel wat die temperatuurlesing heeltyd gee, al is dit afgeskakel
- Sy uiters betroubare Swafuji-swaaimotorkompressor
- Sy gemiddelde kragverbruik is laag
- Maklik bereikbare elektroniese kontrolepaneeltjie (dit sit bo-op)

**Ander modelle:** Engel het nege modelle tussen 14 liter en 80 liter.

**Prys:** R7 495
**Kontak:** 4x4 Megaworld ✆021 511 3311 (Wes-Kaap) en ✆011 454 2875 (Gauteng); www.4x4megaworld.co.za

***WegRy* sê: Engel se yskaste is goed bekend as yskaste wat werk en wat hou. Die staal-omhulsel en handvatsels is ooglopend sterk.**

**Die Engel-vrieskas het ook baie goed in ons toets gevaar. Dit het die minste krag gebruik om af te koel en toe dit eers koud was, het dit ook min krag gebruik om koud te bly. Boonop lyk dit of die Engel ook die beste geïsoleer is, want dit het die langste gevat van al die yskaste om weer warm te word.**

**As mens 'n nadeel soek, kan jy seker sê die platinum-afwerking kan vinnig lelik raak. Klagtes oor swak en stadige naverkoopdiens het ook al hier en daar opgeklink. En hoewel hy duur is, is hy die goedkoopste van die drie duur modelle. Maar onthou, jy betaal vir wat jy kry.**



INDEL B TB 55

## Hiert jou 'Taljaner!

Indel B is 'n vrieskas wat in Italië ontwerp, in China gebou en deur Suid-Afrika se National Luna ingevoer en versprei word.

Dit word baie in bote en hotelle gebruik en daar was al glo een op 'n pendeltuig!

Indel B is eers onlangs landwyd beskikbaar, maar het reeds 'n reputasie opgebou vir goeie waarde vir geld. In 'n Indel B kry jy 'n regte Danfoss-kompressor en goeie isolering teen 'n prys wat sowat R2 000 goedkoper is as gevestigde produkte.

### Spesifikasies

**Materiaal:** Plastiek
**Gewig:** 22,5 kg
**Kompressor:** Danfoss
**Batterybeskerming?** Ja, jy kan verskillende vlakke kies.
**Afmetings:** 515 mm (h) x 530 mm (b) x 638 mm (d)
**Waarborg?** Ja, drie jaar deur National Luna

### Goeie eienskappe

- Jy kan dit stel sodat dit batterykrag spaar
- Dit kan tot -30°C vries
- Dis goedkoop
- Dit het dubbele seëls op die deksel vir beter isolering
- Dit het bekerhouers langs die deksel

**Ander modelle:** Jy kry ook die TB26 (25 liter) wat jy tussen die voorsitplekke van jou kar kan sit, die TB45 (41 liter), die TB31 (29 liter), die TB41 (37 liter) en die TB51 (47 liter).

**Prys:** R5 499
**Kontak:** Safari Centre ✆021 595 3910 (Wes-Kaap) en ✆021 348 3253 (Gauteng); www.safaricentre.co.za

***WegRy* sê:** **Die bekerhouers langs die deksel is slim ontwerp, want jy kan die deksel nog steeds oopmaak as daar 'n koeldrankbotteltjie in die bekerhouer is.**

**Die binnekant van die vrieskas is heeltemal reghoekig (daar is nie 'n hoekie waaronder die kompressor sit soos by ander vrieskassies nie) en jy kan hom dus van onder af volpak.**

**In ons toets het hy redelik gevaar – sy afkoeltyd en opwarmingstyd is heel gemiddeld en hy gebruik ook 'n gemiddelde hoeveelheid krag om koud te word. Hy gebruik egter 'n klein bietjie meer krag as die gemiddelde vrieskassie om die yskas koud te hou. Met 'n dubbelbatterystelsel en sonpanele is kragvoorsiening egter deesdae nie meer so 'n groot probleem soos voorheen nie.**



SNOMASTER 40 LITER

## Goeie diens tel punte

Snomaster-vrieskaste word al 'n hele klompie jaar in Suid-Afrika aanmekaargesit. Hierdie spesifieke model het 'n Chinese kompressor (soortgelyk aan Danfoss) onder die dop, maar verskeie ander Snomaster-vrieskaste het wel Danfoss-kompressors. Dié Chinese kompressortjie het agter al 'n baie goeie reputasie in Suid-Afrika opgebou – kyk maar na die terugvoer op die verskeie 4x4-forums.

### Spesifikasies

**Materiaal:** Die omhulsel is van vlekvrye staal
**Gewig:** 22 kg
**Kompressor:** Snomaster 66 W 12/24 Volt Variable Speed
**Batterybeskerming?** Ja, drie verstellings
**Afmetings:** 525 mm (h) x 440 mm (b) x 610 mm (d)
**Waarborg?** Een jaar (vir die boks) en drie jaar (vir die kompressor)

### Goeie eienskappe

- Dit het 'n redelike prys
- Dit koel baie vinnig af
- Sy gemiddelde kragverbruik is laag
- Dit het 'n uitstekende naverkoopdiens

**Ander modelle:** Snomaster het 'n hele reeks 12 V/220 V-yskaste, van 40 liter tot 100 liter. By sommige modelle kan jy ook kies uit 'n dubbeldeuryskas met 'n vries- en yskaskompartement.

**Prys:** R6 499
**Kontak:** Snomaster ✆011 392 5315; www.snomaster.co.za

***WegRy* sê:** **Die Snomaster vaar baie goed in ons toets. Dit het bogemiddeld vinnig afgekoel teen 'n lae kragverbruik en koel gebly teen 'n gemiddelde kragverbruik wat die laagste was van al die yskaste. Die vrieskas hou ook sy temperatuur goed as dit afgeskakel word. Dit het ook 'n binneliggie en 'n alarmpie as jy die deksel te lank oop is. 'n Mens moet egter in gedagte hou dat dit slegs 'n 40 liter-eenheid is, wat 'n positiewe uitwerking op die statistiek sal hê.**

**Die bougehalte lyk stewig, hoewel die een dunnerige knip nie juis vertroue inboesem nie. Die beskermende sak wat saam met die vrieskas kom, is 'n bonus.**

**Die een kenmerk van Snomaster wat uitstaan, is die positiewe terugvoer op die internetforums oor naverkoopdiens. Waarskynlik geen ander vrieskas-*mechanics* is so bekend in Suid-Afrika soos Shane en Warren Bennet nie.**

>




WAECO COOLFREEZE CF50 (49 LITER)

## Hier kom Herr Yskoue Lager

Die merkwaardigste eienskap van Waeco is dat dit nié uit Australië kom nie! Die maatskappy is vroeg in die sewentigerjare deur twee Duitse broers, Theodor and Peter Wähnin, begin.

Die Wähnins beweer hulle was die eerste ouens wat 'n yskassie gebou het wat van 'n battery af geloop het.

Die Waeco gebruik die betroubare Duitse Danfoss-kompressortjie, nes National Luna en ARB.

### Spesifikasies

**Materiaal:** Staalromp en polipropileendeksel (plastiek, man)
**Gewig:** 18 kg
**Kompressor:** Danfoss
**Batterybeskerming?** Ja, driefasig
**Afmetings:** 480 mm (h) x 360 mm (b) x 630 mm (d)
**Waarborg?** Ja, drie jaar

### Goeie eienskappe

- Dit het 'n binneliggie
- Die maklik verwyderbare deksel kan van twee kante af oopgemaak word
- Stewige, verwyderbare handvatsels wat ook ankerpunte is
- Maklik bereikbare digitale skermpie en kontrolepaneeltjie bo-op
- Afsonderlike, kleiner yskaskompartement (8 liter) vir groente en melk
- Verstelbare draadmandjies in die groter vriesgedeelte
- Ekonomiese verstelling vir laer kragverbruik

**Ander modelle:** Outdoor Warehouse hou nóg twee kompressorvrieskaste van Waeco aan wat van 12 V werk: die Coolfreeze CF60 en die groter CF80.

**Prys:** R6 000
**Kontak:** Outdoor Warehouse ✆021 914 1357 (Wes-Kaap) of ✆0800 003 051 (landwyd); www.outdoorwarehouse.co.za

***WegRy* sê:** **Waeco verskaf 'n gehalteproduk teen 'n baie redelike prys. Die Waeco het besonder vinnig koud geword ná hy aangeskakel is, maar sy kragverbruik om koud te bly was nogal hoog. Hy't ook relatief vinnig weer warm geword na hy afgeskakel is.**

**Wat lekker is van die Waeco is dat jy 'n goeie gehalte isoleringsak saamkry wat om die yskas pas en dit teen stampe en stote beskerm.**

**Die Waeco is beslis goeie waarde vir geld.**



CAMP MASTER 60 LITER

## *Cheap* maar lekker!

Camp Master se kampeertoerusting word in Makro, Game en Builders Warehouse verkoop. Dis al jare op die mark en die konsensus is dat jy 'n baie goeie prys betaal vir stewige gehalte. Die vrieskassie is egter 'n relatief nuwe toevoegsel tot die handelsmerk.

Baie ouens sal vir jou sê hierdie vrieskassie is 'n "*cheap* Chinese *copy*", maar die kompressortjie is presies dieselfde as die een in duurder en meer gevestigde handelsmerke: 'n Danfoss.

### Spesifikasies

**Materiaal:** Die omhulsel is van vlekvrye staal
**Gewig:** 21,5 kg
**Kompressor:** Danfoss
**Batterybeskerming?** Geen
**Afmetings:** 595 mm (h) x 720 mm (w) x 525 mm (d)
**Waarborg?** Een jaar (vir die kas) en drie jaar (vir die kompressor)

### Goeie eienskappe

- Dis lig vir so 'n groot vrieskas
- Dit het 'n goeie kragverbruik en afkoeltydperk
- Dis besonder goedkoop
- Dit het draadmandjies binne-in

**Ander modelle:** Camp Master het ook 'n 45 liter-kompressoryskas.

**Prys:** R5 999
**Kontak:** Makro ✆086 300 999; Game ✆031 302 8991; Builders Warehouse ✆0860 284 533; www.makro.co.za; www.game.co.za; www.builders.co.za

***WegRy* sê:** **Ons was verbaas oor hoe goed hierdie vrieskas in ons toets gevaar het as jy die prys in ag neem. Hy't vinnig koud geword, hy't teen lae kragverbruik koud gebly en hy't baie lank koud gebly ná die krag afgeskakel is.**

**As gevolg van die prys het die Camp Master nie van dieselfde verfynde eienskappe soos duurder vrieskaste nie (dit het byvoorbeeld nie 'n binneliggie nie).**

**'n Algemene vrees by voornemende kopers is dat die naverkoopdiens traag en swak sal wees. Dit kan 'n bietjie van 'n burokratiese nagmerrie wees om deur Game of Makro te werk, maar as jy met Camp Master se agent direk skakel, is die diens flink.**

**Camp Master is beslis die beste waarde-vir-geld-vrieskas van almal wat ons getoets het.**



NATIONAL LUNA WEEKENDER 52

# Pa se grootseun

Mense is oor National Luna se yskaste soos hulle oor Hiluxe is. Dis nie die sterkste of die mooiste of die goedkoopste of die opwindendste bakkie nie, maar verreweg die meeste bakkiekopers kies dit jaar ná jaar.

Dit gaan oor die opvatting dat dit betroubaar is. Mense is ook amper fanaties oor die NL-handelsmerk, selfs nog meer omdat dit 'n Suid-Afrikaanse maatskappy is.

National Luna se wortels lê in die ervaring van Afrika se ongenaakbare toestande. In die vroeë negentigerjare het die maatskappy begin draagbare yskaste bou om entmiddels teen baie lae temperature te hou vir plattelandse klinieke. Dit moes gedoen word volgens die baie streng vereistes van die Wêreldgesondheidsorganisasie.

National Luna sê hy ontwikkel vrieskaste vir uiterste toestande, soos temperature bo 43°C, waar batterykrag maar min is.

## Spesifikasies

**Materiaal:** Jy kan kies tussen 'n omhulsel van vlekvrye staal of aluminium

**Gewig:** Aluminium – 21,4 kg; vlekvrye staal – 24 kg (ons het die aluminium getoets)

**Kompressor:** Danfoss

**Batterybeskerming?** Ja

**Afmetings:** 506 mm (h) x 385 mm (b) x 710 mm (d)

**Waarborg?** Ja, drie jaar

## Goeie eienskappe

- Jy kan die deksel aanpas om oop te maak van die kant af wat jou pas
- Dit het 'n nuttige 12 liter-vrieshokkie wat altyd 10°C kouer is as die res van die vrieskassie, waarin jy die vleis kan jou (jy kry ook die Weekender 50 Twin waar jy twee kompartemente se temperatuur onafhanklik kan beheer)
- Dit het nie net batterybeskerming nie, maar 'n alarmpie wat jou waarsku as die battery pap is
- Dis baie stewig gebou
- Dit het 'n binneliggie, bomvaste handvatsels en sluitbare knippe

**Ander modelle:** Van al die vrieskasvervaardigers voorsien National Luna vir die grootste verskeidenheid behoeftes. Die kleinste vrieskaste is 40 liter en die grootstes 95 liter. Jy kan in die meeste groottes kies of jy 'n dubbelkompartement en selfs 'n dubbeldeksel wil koop.

NL onderskei ook tussen die naweekkampeervrieskas met dunner isolasie en die ekspedisie-vrieskas met dikker isolasie, wat natuurlik minder krag gebruik.

**Prys:** R7 750

**Kontak:** Safari Centre ✆021 595 3910 (Wes-Kaap) en 012 348 3253 (Gauteng); www.safaricentre.co.za

***WegRy* sê: National Luna sê self dat die Weekender 52 nie goed geïsoleer is nie, omdat dit bedoel is vir die naweekkampeerder wat min plek het, maar waarskynlik genoeg krag sodat die kompressortjie maar bietjie harder kan werk.**

**In ons toets het die Weekender 52 gevolglik nie waffers gevaar wat kragverbruik en isolasie betref nie. Die toets is dus effens onregverdig teenoor NL, omdat kragverbruik en isolasie die belangrikste afdelings is wat ons getoets het. NL se goedgeïsoleerde ekspedisiemodelle sal ongetwyfeld beter vaar.**

**National Luna se betroubaarheid is deur en deur bewys. Boonop het jy te doen met 'n Suid-Afrikaanse maatskappy wat groot klem op naverkoopdiens plaas en al die onderdele plaaslik beskikbaar het.**

**As mens fout wil vind, kan jy sê dis dalk tyd vir NL om sy yskaste 'n *face lift* te gee en ook dekselknippe te gebruik wat mooier is en makliker om te hanteer.**

## 'n Paar netjiese vrieskaswenke:

**Maak tuis koud.** Pak jou vrieskas tuis en maak koud met 220V vir ten minste 12 uur voor jy vertrek. Probeer daarna slegs verkoelde tjops en koeldrank in die vrieskas pak.

**Laag op laag.** As jy op 'n lang ekspedisie gaan, beplan jou etes vooraf, vries dit en pak die laaste etes heel onder. Pak 'n laag koerantpapier tussen die lae, sodat die goed wat gevries moet bly, lekker geïsoleer is.

**Botteltjie water.** As jy nie die hele vrieskas volmaak voor 'n toer nie, maak die oop plek toe met gevriesde tweeliterwaterbottels. Dit help om die vrieskas koud te hou, want dit gelei koue beter as lug.

**Ekstra koelboks.** As jy jou vrieskas net as vrieskas wil gebruik, kan jy 'n kleiner koelboks gebruik vir jou groente en suiwel. Ruil net elke dag 'n paar blou vriesblokke tussen die vrieskas en koelboks.

**Beplan 'n bietjie.** Moenie gedurig onnodig in jou vrieskas krap om 'n paar blokkies ys uit te vis vir 'n koeldrankie nie. Beplan elke dag se oopmaakslae mooi. Vrot vleis is erger as 'n babelaas.

***Check* die *wiring*.** Gaan die toestand van jou ekstra battery en die alternator of laaier waarmee jy dit laai gereeld na. Wees ten volle in beheer van die kragvoorsiening vir die yskas en maak seker dat jou voertuig se hoofbattery nie in die gedrang kom nie.

**Die son is verniet.** Kry 'n behoorlike sonpaneel. Dit bly maar die beste versekering teen warm bier.